

DIE ROL VAN KUNSMIS IN DIE EKONOMIE VAN KONTANTGEWASSE

H S HATTINGH, Afdeling Landbouproduksie-ekonomie, Dept Landbou-ekonomie
en -Bemaking

Inleiding

Met 'n onderwerp van hierdie aard is dit normaal, inderdaad onontbeerlik om van statistieke gebruik te maak. Maar watter tipe statistiek en hoeveel daarvan? Baie sal onthou dat Disraeli alle statistieke met leuens geassosieer het. Andrew Lang is egter miskien nader aan die merk "Statistics" so sê hy "are often used as a drunken man uses lamp posts . . . for support, rather than illumination."

Om hierdie bespreking nie te oorweldig met syfers nie sal ek my hoofsaaklik tot slegs een gebied bepaal waarin kontantgewasse verbou word. Dit is Wes-Transvaal. Ek sal my hoofsaaklik ook net tot een kontantgewasvertakking bepaal, naamlik mielies. Ek vertrou dat die syfers sekere tendense en begrippe sal toelig en dat dit nie net bloot beskou sal word as stutte om my deur hierdie referaat te help nie.

Dit moet egter in gedagte gehou word dat boerdery soos 'n legkaart is. Om die hoogste inkomste oor die langtermyn te verseker moet die verskillende dele van hierdie legkaart op 'n vernuftige wyse inmekaar gepas word. Alvorens een van die deeltjies dan uitgelig kan word om dit van naderby te beskou is dit eers nodig om te kyk na die besondere plek daarvan in hierdie legkaart en om te let op die rol wat dit kan speel om die oorhoofse doelstelling naamlik die hoogste inkomste oor die langtermyn te bevorder.

Veranderings in die finansiële posisie van boere in die Transvaalse Hoëveld en Wes-Transvaal oor drie dekades

Bedryfsopnames deur die Afdeling Landbouproduksie-ekonomie toon aansienlike veranderings ten opsigte van netto boerdery-inkomstes, bruto-inkomstes en totale uitgawes asook die samestelling daarvan gedurende die afgelope drie dekades in die Transvaalse Hoëveld en Wes-Transvaal.

Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat die opnames betrekking het op bepaalde produksiejare. In die verlede is sover moontlik gepoog om opnames ten opsigte van 'normale jare' te onderneem. Ten einde die periodes tussen opnames te verkort en om werksbeplanning te vergemaklik, word mielieproduksiekosteopnames al om die derde jaar in die Transvaalse Hoëveld, Wes-Transvaal en Noordwes-Vrystaat onderskeidelik onderneem, ongeag klimaatsomstandighede. Dit is algemeen bekend dat die 1975/76 seisoen in Wes-Transvaal en tot 'n mindere mate ook die 1974/75-seisoen in die Transvaalse Hoëveld, vanweë oortollige reëns, as relatief ongunstig beskou word. Die resultate moet in die lig beoordeel word.

Netto boerdery-inkomste is die verskil tussen die bruto boerdery-inkomste en totale boerdery-uitgawes met uitsondering van rente op geleende sowel as eie kapitaal wat in die boerdery belê is, huurgeld betaal op grond en 'n vergoeding aan die ondernemer. Netto boerdery-inkomste dien dus as vergoeding vir die produksiefaktore grond, kapitaal, bestuur en fisiese arbeid wat deur die boer self verrig word. Dit moet natuurlik ook voorsiening maak vir uitbreiding asook vervanging van vinnigslytende bates ten tye van inflasie.

Die volgende faktore was in hoofsaak verantwoordelik vir die aansienlike styging in bruto boerdery-inkomstes en boerdery-uitgawes

Hoër pryse weens die ontwikkeling in die landseconomie en veral inflasie gedurende die laaste aantal jare.

Meganiese- en biologiese-innovasies het die opbrengste per hektaar aansienlik laat toeneem.

Plase het groter geword en die persentasie oppervlakte onder bewerking het aansienlik toegeneem.

Die toenemende risiko waarmee boere in die Transvaalse Hoëveld en Wes-Transvaal te kampe het is opvallend. Hierdie neiging beklemtoon die belangrikheid van goeie bestuur. Luk-raak praktyke ten opsigte van faktore waar wel beheer oor uitgeoefen kan word is iets van die verlede — daarvoor is die omvang van die jaarlikse bedryfskoste van 'n gemiddelde boerdery-eenheid in die Transvaalse Hoëveld en Wes-Transvaal, te groot. Veral van belang is egter die klein persentasie wat as netto boerdery-inkomste oorbly nadat totale uitgawes (soos gedefinieër) van die bruto boerdery-inkomste afgetrek is. In 'n redelike normale jaar (1974/75) was dit slegs 30 persent in die Transvaalse Hoëveld, terwyl dit gedurende die 1975/76-produksiejaar, wat as ongunstig vir die Wes-Transvaal beskou kan word, slegs 15 persent was.

Wat verder baie opvallend uit Tabel 1 is, is dat die netto boerdery-inkomste per R100 kapitaalbelegging 'n dalende neiging toon. Netto inkomstes het dus nie tred gehou met die kapitaalbelegging nie.

Die toenemende belangrikheid van kapitaal is dan ook een van die uitstaande veranderings in boerderye in die Transvaalse Hoëveld en Wes-Transvaal gedurende die afgelope drie dekades.

TABEL 1 *Finansiële resultate, gemiddeld per boerdery*

ITEM	TRANSVAALSE HOËVELD			WES-TRANSVAAL		
	1947/48	1969/70	1974/75	1948/49	1969/70	1975/76
	R	R	R	R	R	R
Bruto boerdery-inkomste	6 324	35 873	49 209	5 672	29 945	71 836
Totale uitgawes	2 604	21 858	34 581	3 228	19 199	60 773
Netto boerdery-inkomste	3 720	14 015	14 628	2 444	10 746	11 063
NBI/ha	7,21	17,55	21,17	2,13	15,92	11,12
NBI/R100 kapitale belegging	14,65	8,51	5,85	10,70	6,21	2,43
BBI/R100 uitgawe	243	164	142	176	156	118
NBI as % van BBI	59	39	30	43	36	15

TABEL 2 *Kapitaalbelegging, gemiddeld per boerdery*

ITEM	TRANSVAALSE HOËVELD		WES-TRANSVAAL	
	1947/48	1974/75	1948/49	1975/76
	R	R	R	R
BELEGGING IN GROND	14 918	162 520	14 342	330 333
VASTE VERBETERINGS	2 631	16 876	2 520	39 434
TOTAAL VASTE KAPITAAL	17 549	179 396	16 862	369 767
WERKTUIG	2 784	38 155	3 392	43 610
VEE	5 064	32 479	2 616	42 350
TOTAAL LOSGOEDKAPITAAL	7 848	70 634	6 008	85 960
TOTAAL KAPITAALBELEGGING	25 397	250 030	22 870	455 727
	%	%	%	%
Persentasie losgoedkapitaal	31	28	26	19
Persentasie direk-produktiewe kapitaal	79	78	74	82
Jaarlikse groeikoers: Vaste kapitaal		9,0		12,0
Jaarlikse groeikoers: Losgoedkapitaal		6,0		10,3
Jaarlikse groeikoers: Totale kapitaal		8,8		12,0

Hoë en vinnig-stygende grondpryse is 'n vertroosting en verhoog die kredietwaardigheid van ou gevestigde grondeienaars. Dit word egter nie deur voornemende boere of boere wat hulle eenhede wil vergroot as 'n gelukkige verskynsel beskou nie. Dit skep natuurlik groot probleme. Dit is egter nie direk hier ter sake nie.

Wat wel ter sake is, is dat swak finansiële resultate dikwels daaraan toegeskryf kan word dat boere te veel van hulle beskikbare kapitaal in vaste bates belê het en te min losgoed – asook bedryfskapitaal tot hulle beskikking het om teen 'n optimum peil van doeltreffendheid te boer. Eweneens is daar ook talle boerdery-ondernemings wat hopeloos oorgekapitaliseer is wat onregstreeks produktiewe bates soos vaste verbeterings en werktuie aanbetref. Dit is veral 'n wesenlike gevaar in hierdie tye van inflasie waar die pryse van onder andere werktuie ontsettend hoog is, dat te veel hierin belê kan word en dat daar te min bedryfskapitaal oorbly vir die aankoop van onder andere kunsmis.

Die gevolgtrekking waartoe gekom word sover dit hierdie referaat aangaan is dat dit 'n enorme hoeveelheid geld sou verg om vandag 'n boerdery in Wes-Transvaal of in die Transvaalse Hoëveld te begin en aan die gang te hou. Hierteenoor is die netto boerdery-inkomste van die gemiddelde boerdery-onderneming in hierdie twee gebiede laag in verhouding tot die bruto boerdery-inkomste, uitgawes en kapitaalbelegging.

Die saai-boer van vandag het veral dus te doen met 'n vloei van fondse probleem. Hoe finansier hy volgende jaar se oes in die lig van steeds stygende produksiemiddelpryse? Benewens die finansiering van volgende jaar se oes moet hy ook sy huishouding aan die gang hou, dikwels ook rente betaal en kapitaal delg, soms moet hy ou werktuie met nuwes vervang teen pryse veel hoër as wat hy normalerwyse voor voorsiening gemaak het. Dit is in baie gevalle ook nodig dat boerdery-eenhede vergroot moet word ten einde 'n menswaardige bestaan vir die ondernemer en sy gesin te verseker.

Die ekonomie van mielieverbouing in Wes-Transvaal


Die resultate van 'n ewekansige monster van 85 boere in Wes-Transvaal toon dat hulle gedurende die 1975/76 produksiejaar gemiddeld R14 553 aan kunsmis bestee het. Dit behels ongeveer 24 persent van die totale uitgawes. In die 1969/70-produksiejaar was ook ongeveer 24 persent van die uitgawes aan kunsmis bestee teenoor 8 persent in 1954/55 en 6 persent in 1948/49. Dit is dus van die grootste belang dat hierdie produksiemiddel so doeltreffend moontlik aangewend moet word binne die raamwerk van 'n bepaalde boerdery-onderneming.

Die syfers soos in Tabel 3 aangedui is verkry vanuit 'n mielieproduksiekosteopname deur die Afdeling Landbou-

TABEL 3 Opbrengs en koste van mielies gemiddeld per hektaar en per ton Wes-Transvaal 1975/76

ITEM	MIELIES		Persentasie van totaal
	per hektaar	per ton	
OPBRENGS (t/ha)	1,5548	—	—
BRUTO INKOMSTE			
Graan	98,36	63,26	—
Krediet	1,72	1,10	—
TOTAAL	100,08	64,36	—
	R	R	%
BEWERKINGSKOSTE			
Arbeid	11,97	7,69	14,9
Trekkers en stropers	20,70	13,31	15,7
Implemente	6,66	4,29	8,3
Gehuude stroop- en dorskoste	0,18	0,12	0,2
TOTAAL BEWERKINGSKOSTE	39,51	25,41	49,1
MATERIAAL EN BEMARKINGSKOSTE			
Saad	3,34	2,15	4,2
Kunsmis	25,07	16,12	31,2
Onkruidoder	1,55	1,00	1,9
Plaagbeheer	0,09	0,06	0,1
Vervoer (gehuur)	0,05	0,03	—
Sakke en tou	0,29	0,18	0,4
Versekering (oes)	1,41	0,90	1,8
Ander	0,40	0,26	0,5
TOTAAL MATERIAAL- EN BEMARKINGSKOSTE	32,20	20,70	40,1
OORHOOFSE KOSTE			
Motor, bakkie en vragmotor	4,38	2,83	5,4
Enjins en diverse gereedskap	1,01	0,65	1,3
Vaste verbeterings	1,96	1,26	2,4
Ander	1,38	0,89	1,7
TOTAAL OORHOOFSE KOSTE	8,73	5,63	10,8
TOTAAL KOSTE (Sonder rente)	80,44	51,74	100,0
NETTO INKOMSTE	19,64	12,62	—

produksie-ekonomie in September 1976 en het betrekking op die 1975/76-produksiejaar. Die syfers is gebaseer op 'n ewekansige monster van 85 boere. Dit sluit dus verskillende grondtipes, praktyke, peile van bestuursdoeltreffendheid ensomeer in. Verder moet dit in gedagte gehou word dat die 1975/76-seisoen relatief ongunstig was vir mielieverbouing in Wes-Transvaal. Die gemiddelde opbrengs van die 85 boere was 1,555 ton per hektaar. (Vergelyk die met vorige jare se opbrengste wat soos volg was:



	N	P	K	N	P	K
KUNSMISKOERS (kg/ha)	96 (125)	40 (20)	54 (15)*	96 (75)	40 (35)	54 (30)
KUNSMISKOSTE	R72,92 (R58,35)			R72,92 (R55,65)		
GEMIDDELDE OPBRENGS/ha	6 000 kg/ha (7 000 kg/ha)			4 500 kg/ha (5 000 kg/ha)		
BRUTO INKOMSTE	R360/ha (R420/ha)			R270/ha (R300/ha)		
PRODUKSIEKOSTE (Sonder kostes wat in direkte verhouding met opbrengs verander)	R60 + R72 - 92 = R132 - 92/ha (R60 + R58 - 35) (= R118 - 35/ha)			R60 + R72 - 92 = R132 - 92/ha (R60 + R55 - 65) (= R115 - 65/ha)		
NETTO INKOMSTE/ha	R227-08/ha (R301-65/ha)			R137-08/ha (R184-35/ha)		
NETTO INKOMSTE/200 ha				R36 416/200 ha (R48 600/200 ha)		
VERSKIL TEN GUNSTE VAN HERBEPLANNING				R12 184/200 ha		

FIG 1 Illustrasie van bemestingspeile vir twee gronde met verskillende opbrengspotensiale. (Möhr)

* Alle syfers tussen hakies geld waar die bemestingsprogram behoorlik beplan is op basis van opbrengspotensiaal en voedingsvereistes.

1974/75 = 2,529 ton 1973/74 = 3,249 ton 1972/73 = 0,909 ton 1971/72 = 2,574 ton 1970/71 = 1,827 ton en 1969/70 = 1,602 ton.

Vanuit Tabel 3 is dit duidelik dat kunsmis die grootste enkele koste-item by mielieverbouing is. Die gemiddelde besteding aan kunsmis deur die 85 boere was R25,07 per hektaar. Dit verteenwoordig 31 persent van die totale koste sonder rente verbonde aan mielieverbouing. Die kunsmiskoste het egter tussen die 85 produsente gevarieër vanaf R3,60 per hektaar tot R53,20 per hektaar.

Oorvloedige reëns het groot probleme gedurende die 1975/76-produksiejaar tot gevolg gehad. Ten spyte hiervan wil dit tog voorkom of dit boere oor die algemeen betaal het om hoër bemestingspeile toe te dien.

Soos gewoonlik verbloem 'n gemiddelde syfer belangrike feite. Talle boere wat laag bemes het, het goeie opbrengste behaal. Aan die anderkant was daar heelwat boere wat ten spyte van hoë bemesting swak resultate behaal het.

Dat opbrengs styg soos kunsmistoedienings verhoog word strook met verwagtings. Wat egter verontrustend is, is die aansienlike persentasie wat afwyk van wat ons normalerwyse kan verwag. Aan die onderend van die skaal beteken dit waarskynlik dat daar baie boere is wat inkomstes verbeur deurdat hulle hoë potensiaal lande nie behoorlik bemes nie. Aan die bo-punt van die skaal bestaan daar weer die vermoede dat daar 'n aansienlike persentasie lae potensiaal lande is wat te hoog bemes word.

Die illustrasie (Figuur 1) is opgestel deur dr Möhr van die Suid-Afrikaanse Misstofvereniging. Die belangrikheid daarvan om die peil van bemesting aan te pas by die potensiaal van die grond word duidelik uitgebeeld.

TABEL 4 Bemestingspeile van drie groepe mielieboere in Wes-Transvaal, 1975/76

Groep	Bemestings koste	Ekstra bemestings	Opbrengs t/ha	Bruto inkomste @R65	Ekstra inkomste
	R	R	t	R	R
1	20,47	—	0,8	52,00	—
2	25,96	5,49	1,6	104,00	52,00
3	32,86	7,39	2,7	175,00	71,00

TABEL 5 Persentasie kansse vir 'n hoë mielie-opbrengs met verskillende peile van bemestingskoste, Wes-Transvaal, 1975/76

Mielieopbrengs t/ha	4	3	2	1	0
4	—	—	—	—	4
3	—	3	10	13	—
2	7	14	45	33	—
1	40	52	40	36	—
0	53	31	5	14	—

Kunsmiskoste R/ha	15	25	35	∞
-------------------	----	----	----	---

In hierdie voorbeeld het die bemestingskoste in geval van behoorlike bemestingsprogrambeplanning inderdaad effens gedaal. Die doel van hierdie illustrasie was egter om te wys hoe die netto inkomste, met dieselfde kunsmiskoste, verhoog kan word net deur 'n herallokasie van stikstof, fosfaat en potas toedienings op lande met wisselende eienskappe en potensiaal te maak.

Kunsmistoediening, soos vele ander boerderyinsette, is egter onderhewig aan die Wet van Dalende Meeropbrengs. Hiermee word bedoel dat wanneer 'n klein bedrag aan hierdie koste-items bestee word mag die inkomste wat daaruit voortspuit aanvanklik groot wees. Soos meer en meer aan




FIG. 2 Wet van dalende meeropbrengs vir mielie-opbrengs teen bemesting

die koste-items bestee word, word die ooreenstemmende inkomste wat daaruit verkry word al kleiner totdat 'n punt bereik word waar dit nie meer betaal om meer koste op die besondere items aan te gaan nie. Dit word in Figuur 2 geïllustreer.

Indien 'n boer genoeg geld het om al die ander dinge wat op die plaas gedoen moet word behoorlik te doen dan sal hy bemes tot op die punt waar die ekstra mielies wat verkry word deur 'n addisionele inkrement kunsmis gelyk is aan die waarde van dié inkrement kunsmis. Dit wil sê tot by die punt waar ekstra inkomste (MR) gelyk is aan ekstra uitgawe (MC).

Dit sal egter 'n buitengewone toestand wees vanweë die groot verskeidenheid van moontlikhede om geld in die boerdery aan te wend. Op 'n sekere punt mag dit 'n boer dus beter betaal om kragvoer vir sy suiwelkudde of varke aan te koop as om hoër mielieopbrengste te wil behaal deur meer te bemes. Die ideaal om na te streef is dat 'n ekstra R1 wat in die boerdery bestee word in alle aanwendingsmoontlikhede dieselfde ekstra inkomste moet oplewer.

Die regte balans tussen insette moet dus gehandhaaf word. Hoë bemesting, die regte saad en goeie bewerking gaan hand aan hand. Vir die hoogste moontlike wins oor die langtermyn moet ook nie net gekyk word na die regte balans binne boerderyvertakkings nie, maar ook na die regte balans tussen boerderyvertakkings.

TABEL 6 'n Inkomste en kosteraming ten opsigte van mielieverbouing op 'n Avalon grond in Lichtenburg distrik onder normale reënval en ander klimaatstoestande

BRUTO INKOMSTE PER HEKTAAR									
GRAAN	2,84 ton teen R65,00 per ton. =								R
								Totaal	184,60
VERANDERLIKE KOSTE PER HEKTAAR (A) BEWERKINGSKOSTE									
Bewerking	Aantal herhalings	Trekker en implementekoste ^{1, 2}				Arbeidskoste ³			Totaal bewerkingskoste
		Ure/ha per bewerking	Koste per uur		Koste per ha	Ure/ha per bewerking	Koste per uur	Koste per ha	
	A	B	C	D	AxB (C+D) =E R,c	F	G	AxFxG=H R,c	E+H R,c
			sent				sent		
Ploeg	1	2,32	241,00	34,06	6,38	2,32	23,33	0,54	6,92
Holvoor toemaak	1	0,08	241,00	30,62	0,22	0,08	23,33	0,02	0,24
Eg	1	0,23	241,00	21,86	0,60	0,23	23,33	0,05	0,65
Snybewerking	1	0,97	241,00	30,62	2,63	0,97	23,33	0,23	2,86
Kunsmis en saad aanry	1	0,23	241,00	11,47	0,58	0,46	20,42	0,09	0,67
Plant met kunsmis	1	0,78	241,00	40,95	2,20	2,34	21,39	0,50	2,70
Roltand	1	0,29	241,00	12,37	0,73	0,29	23,33	0,07	0,80
Aanry water	1	0,12	241,00	11,47	0,30	0,12	23,33	0,03	0,33
Onkruidbespuiting	1	0,78	169,00	15,98	1,44	1,56	23,33	0,36	1,80
Skoffel	1	1,16	241,00	11,91	2,93	1,16	23,33	0,27	3,20
Skoffel met kantbemesting	1	0,97	241,00	11,91	2,45	1,94	23,33	0,45	2,90
Skoffel	2	0,78	241,00	11,91	3,95	0,78	23,33	0,36	4,31
Handskoffel	1	—	—	—	—	2,90	10,00	0,29	0,29
Laatskoffel	1	1,16	169,00	11,91	2,10	1,16	23,33	0,27	2,37
Oes	1	0,97	241,00	246,00	4,72	4,85	21,00	1,02	5,74
Koppe optel	1	—	—	—	—	4,85	10,00	0,49	0,49
TOTAAL	—	11,62	—	—	31,23	26,79	—	5,04	36,27

VERANDERLIKE KOSTE PER HEKTAAR (B) MATERIAAL- EN BEMARKINGSKOSTE

SAAD:	14 kg @ R0,35 per kg	4,90
KUNSMIS	i 3:2:1 (22) + Zn 211 kg @ R145,20/t	30,64
	ii KAN 30% 106 kg @ R113,70/t	12,05
	Totaal kunsmiskoste	42,69
ONKRUIDDODER	Gesaprim 1 Liter/ha @ R75,20/20 liters	3,76
TOTALE KOSTE	Materiaal- en Bemarkingskoste	51,35

BRUTO MARGE, VASTE KOSTE ⁴ EN NETTO-INKOMSTE PER HEKTAAR

	R
BRUTO-INKOMSTE	184,60
VERANDERLIKE KOSTE	87,62
BRUTO MARGE	96,98
VASTE KOSTE 12% van veranderlike koste op 'n plaas van 428 hektaar	10,51
TOTAAL KOSTE (sonder rente)	98,13
NETTO-INKOMSTE	86,47

VOETNOTAS

- Rente word nie in berekening gebring nie.
- 'n 34 en 48 kilowatt dieseltrekker word aanvaar.
- Arbeidstarief Trekkerdrywer - 23,33 sent per uur
Gereeldearbeid - 17,50 sent per uur
Losarbeid - 10,00 sent per uur
- Vaste koste sluit in vasteverbeterings, voertuie, trekker- en arbeidskoste ten opsigte van algemene plaaswerk asook alle ander kostes soos telefoon, assuransies ens.

Ten einde 'n meer realistiese beeld van mielieverbouing in 'n normale jaar in Wes-Transvaal te verkry is besprekings gedurende Januarie 1977 met groepe boere wat as goeie mielieboere bestempel word gevoer. Dit het betrekking op bepaalde praktyke wat gevolg word en nie op 'n konglomerasie van praktyke soos in die geval van die gemiddelde produksiekostesiferyers soos in Tabel 3 genoem is nie.

Indien die gemiddelde syfers soos behaal deur die 85 boere (Tabel 3) vergelyk word met die inkomste- en kostebegroting van mielies ten opsigte van die 1975/76-produksiejaar (Tabel 6) blyk die beeld soos in Tabel 7

TABEL 7 'n Vergelyking tussen die gemiddelde en begrote inkomste en uitgawes van mielies gedurende die 1975/76-produksiejaar

ITEM	Gemiddeld per ha	Begroting per ha
Opbrengrs	1,555	2,840
Bruto inkomste	100,08	184,60
Bemestingskoste	25,07	42,69
Alle ander kostes	55,37	55,44
Totale koste (sonder rente)	80,44	98,13
Netto inkomste	19,64	86,47

Opsomming

Om vandag 'n saai-boerdery van gemiddelde omvang te begin en behoorlik aan die gang te hou, verg 'n enorme hoeveelheid kapitaal. Hierteenoor is die gemiddelde netto boerdery-inkomste laag in verhouding tot die jaarlikse uitgawes wat aangegaan moet word en die kapitaaluitleg. Die toenemende risiko waarmee saai-boere te kampe het is opvallend. Hierdie neiging beklemtoon die belangrikheid van goeie bestuur.

Oorvloedige reëns gedurende die 1975/76-produksiejaar het bemestingsresultate in Wes-Transvaal vertroebel. Ten spyte hiervan wil dit tog voorkom of dit boere oor die algemeen betaal het om hoër bemestingspeile toe te dien. Wat egter verontrustend is, is die aansienlike persentasie boere wat hoog bemes het en tog nie die gewenste resultate behaal het nie.

Die gevolgtrekking waartoe 'n mens kom is dat boere hulle grond moet ken en volgens potensiaal moet bemes. Die regte balans tussen insette moet ook gehandhaaf word. Hoë bemesting, die regte saad en goeie bewerking gaan hand aan hand. Vir die hoogste moontlike wins uit die boerdery oor die langtermyn moet ook nie net gekyk word na die regte balans binne boerdery-vertakkings nie, maar ook na die regte balans tussen boerdery-vertakkings.

Boerdery is *inderdaad* soos 'n legkaart wat op 'n vernuftige wyse in mekaar gepas moet word indien die doelstelling van maksimum wins oor die langtermyn nagestreef word.